www.atkv.org.za

# BAIE WELKOM BY DIE ATKV!







By die ATKV is taal en kultuur die as waarom alles draai... Goed geolie met eindelose interessanthede vir musieklikes, kultuurlikes, leergieriges en nuuskieriges.

ATKV



Die ATKV woeker op kultuurgebied met 'n verskeidenheid projekte en spog ook met sewe asemrowende vakansieoorde oor die lengte en breedte van die mooiste dele van Suid-Afrika.




Moet ook nie van die [Negester-leefstylbehuisinglandgoedere](#) vir 50-plussers vergeet nie.

DIE GROOTSTE VOORDEEL WAT JY AS 'N LID GENIET, IS OM RUSTIG TE WEES IN DIE WETE DAT ONS NAMENS JOU DIE AFRIKAANSE TAAL EN KULTUUR OP NASIONALE VLAK BEVORDER EN AAN JOU DIE GELEENTHEID BIED OM IN DIE PRET TE DEEL!

# ONS VISIE

Die ATKV wil Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar deel maak van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika.

Vir meer oor ons missie en waardes, klik hier.






# LIDMAATSKAP

Die ATKV maak van die iMIS-ledeplatform gebruik om jou die geleentheid te gee om self jou profiel te bestuur. Met dié stelsel gaan jy dadelik die lidtarief sien en jou bespreking by 'n oord kan doen. Jy sal ook jou adresbesonderhede kan bywerk, kommunikasie-voorkeure verander en selfs op die hoogte van jou rekening bly.

Besoek https://lede.atkv.org.za/.

Gebruik die gebruikersnaam wat jy per e-pos ontvang het.
Indien jy nie 'n e-pos ontvang het nie, kan jy 011 919 9000 skakel.

## TOELATING TOT LIDMAATSKAP

Die ATKV bied lidmaatskap vir die hele gesin. Die gesinslede moet hulle kan vereenselwig met die grondwet en waardes wat vir die ATKV geld. Die ATKV behou hom die reg voor om te eniger tyd sy voordele te wysig of te kanselleer. Hierdie wysiging(s) of kansellasie(s) sal van krag wees sodra 'n skriftelike kennisgewing in die *Taalgenoot* en op die ATKV-webwerf gepubliseer is.

# LIDMAATSKAPVOORDELE




## BOEKBOHAAI!

Ons gratis-boek-ledevoordeel staan voortaan bekend as Boekbohaai! en word tesame met ons Tjiengelieng-projek deur Exclusive Books geadministreer.




## HERTZ

ATKV-lede bespreek maklik Hertz-huurmotors via die webwerf. Elke bespreking help die ATKV om waardevolle Afrikaanse taal- en kultuurprojekte te befonds.



## SPESIALE AFSLAG BY ATKV-OORDE

Die ATKV se moderne en voortreflike selfsorghuisvesting en woonwastaanplekke is uiters gewild, veral binne seisoen.

ATKV-lede kwalifiseer vir afslag by die ATKV se sewe vakansieoorde. Om tariewe sakpas en mededingend te maak, is daar vir ATKV-lede 'n spesiale lidtariefstruktuur.

Om hiervoor in aanmerking te kom, moet die lid self teenwoordig wees tydens verblyf by 'n oord en die lid se ledegeld moet ten volle betaal wees met sy aankoms by die oord. 'n Lid kwalifiseer ná ses maande vir oordvoordele tensy sy/haar ledegeld vir 'n jaar vooruit betaal word.



## VOORKEURBESPREKINGS

As lid is jy ook geregtig op voorkeur-besprekings by enige van die ATKV se sewe wonderlike vakansieoorde.

Die tydperk vir voorkeurbesprekings vir ATKV-lede open op 1 Augustus vir die Aprilvakansie en Paasnaweek en op 1 November vir die besprekings vir die daaropvolgende jaar se Desembervakansie.
Langblyers wat beplan om vir 'n tydperk by ATKV-Eiland Spa tuis te gaan, kan vanaf 1 September hul verblyf bespreek.

Lede kan ook van 1 September af plek bespreek om tydens die Julievakansie by ATKV-Eiland Spa te gaan uitspan.
Besprekings kan enige tyd van die jaar vir ander tydperke gemaak word wat nie deel vorm van die voorkeurbesprekingstydperk nie.

# LIDMAATSKAPVOORDELE




## JOU AFRIKAANS

ATKV-lede kry 30%-afslag op 'n 1-jaar-intekening op die Jou Afrikaans-toep. Jou Afrikaans is 'n stromingsdiens wat ou en nuwe Afrikaanse produksies uitsaai. Laai die toep af en gebruik die koeponkode "ATKV30" om van die afslag gebruik te maak.




## AUTO & GENERAL

Premies word op die lid se risikoprofiel gebaseer. 'n Persentasie van die premie kom terug na die ATKV en word weer aangewend vir projekte.





## CASI

ATKV-lede betaal slegs R35 per maand om die veiligheidstoep te gebruik. Die toep het 'n noodknoppie wat sekuriteit, nooddienste soos basiese padbystand en mediese bystand ontbied in 'n noodsituasie. Stuur 'n e-pos na vennotenavrae@atkv.org.za vir die skakel om aan te sluit.




## AVBOB

ATKV-lede kry verlaagde tariewe op begrafnisdekking en geniet ook 15%-afslag op begrafnisdienste.




## CARTRACK INSURANCE

ATKV-lede kwalifiseer vir 'n eksklusiewe 25%-afslag op korttermynversekeringspremies deur Cartrack.




## EKSEKUTEURS VIR BOEDELS EN TESTAMENTE

As ATKV-lid het jy toegang tot 'n diens wat ontwerp is om professionele, wettige en uitvoerbare testamente kosteloos op te stel, en om uitnemende boedeladministrasie te bied.

## ATKV-LEDEGELD

Ledegeld word deur die ATKV aangewend om die Afrikaanse kultuur as geheel op 'n byderwetse en dinamiese wyse te bevorder om sodoende 'n onmisbare bydrae in Suid-Afrika te lewer. Die ledegeld word van tyd tot tyd deur die direksie van die ATKV aangepas en lede word deur middel van *Taalgenoot* en die webwerf van enige aanpassings in kennis gestel.

## DEBIETORDERVERHALINGS TEEN JOU BANKREKENING

Ledegeld kan op hierdie wyse maandeliks of jaarliks van jou bankrekening verhaal word. Jy kan een, twee, drie 'n debietorder op die iMIS-platform aanvra. Indien jou bankbesonderhede verander, moet die ATKV onverwyld en skriftelik daarvan in kennis gestel word.

## BEËINDIGING VAN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE VAN DIE ATKV

Dis vir die ATKV en sy strategiese vennote van tyd tot tyd nodig om per SMS of e-pos met sy lede te kommunikeer. Indien jy nie meer hierdie kommunikasie wil ontvang nie, antwoord op sodanige kommunikasie net met die woord "STOP" (in hoofletters).

Die ATKV moet met sy lede oor statutêre sake skakel en die STOP-fasiliteit kan ongelukkig nie hiervoor aangewend word nie.




# WOEKERFONDS

Die ATKV trap al vir byna 100 jaar diep spore in die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap. Gemeenskappe bly die spil waarom die ATKV se doen en late draai en dit is vir ons belangrik om ons erfenis te beskerm, uit te bou en 'n blywende nalatenskap agter te laat.

Om volhoubare ondersteuning te bied aan projekte wat erfenis vier, lees bevorder en kinders met hul voorskoolse ontwikkeling bystaan, het ons jou hulp nodig. Kom woeker saam met ons en help om 'n leeftyd se verskil te maak.

Jou bydrae – klein of groot – gaan ons lewende erfenis uitbou en beskerm, die wêreld van woorde en stories aan kinders bekendstel en vir kleuters tussen drie en ses jaar die geleentheid gee om die fondament te lê vir 'n beter toekoms.

Klik hier vir meer inligting. ATKV-taklede kan ook hul Tjieng aan die ATKV-Woekerfonds skenk.

# NEEM DEEL

Amper 'n eeu later is die ATKV sinoniem met die Afrikaanse taal en woeker die organisasie en sy takke om 'n verskil in Afrikaans te maak.

Uitsonderlike projekte gee vir deelnemers die nodige platforms om hulle vaardighede te verbeter en hul talente te ontgin en te ontwikkel.

Die ATKV het in elke fase van jou lewe 'n ontwikkelingsgeleentheid vir jou. Belê in jouself, belê in jou toekoms, #weesdieverskil.

Klik op die skakels onder om meer oor spesifieke projekte uit te vind.


"KUNSTENAARS DRA BY TOT DIE VERWERKLIKING VAN 'N NUWE WÊRELD. DEUR HUL SANG EN MUSIEK, OPVOERINGS EN KONSERTE, DRAMA EN DIGKUNS, DEBATTE EN DIALOOG TREE HULLE OP AS PROFETE VAN MENSWAARDIGHEID, GEREGTIGHEID EN VRYHEID."





















# TAKKE

Die ATKV-takke is die hartklop van die ATKV en met meer as 320 takke regoor Suid-Afrika en Namibië maak meer as 5 000 vrywilligers 'n reuseverskil in hul gemeenskap. Hoekom word jy nie deel van 'n tak nie?

- Vir meer oor ATKV-takke, klik hier.
- Om te kyk of daar 'n ATKV-tak in jou dorp of stad is, klik hier.
- Indien jy 'n tak wil stig, kontak een van ons streeksbestuurders.
- Vir kontakbesonderhede, klik hier.





## TAKBETROKKENHEID EN TJIENGELIENG

Tjiengelieng word toegeken aan ATKV-lede wat 'n buitengewone bydrae lewer tot die uitbou van ons missie en visie. Hiervolgens word 1 500 Tjiengelieng-kortings vir aktiewe betrokkenheid by ATKV-takke toegeken. Die ATKV behou hom die reg voor om die bepalings van die oordpryse, lojaliteitsprogram en Tjiengelieng enige tyd te kanselleer of te wysig.

Wend Tjiengelieng aan by die oorde. Tjiengelieng is bykomend tot die ledetarief by die ATKV-oorde. As jy dus by 'n ATKV-oord gaan vakansie hou, sal jy eerstens vir die spesiale ledetarief kwalifiseer, waarna Tjiengelieng as 'n verdere afslag gebruik kan word. Bepalings en voorwaardes geld.

Tjiengkoepons kan aangewend word vir die aankoop van boeke by Exclusive Books, en Tjiengelieng kan gebruik word om korporatiewe geskenkitems tydens die ATKV-Kultuurkuier te koop. Lede kan ongebruikte Tjiengelieng ook aan die Woekerfonds skenk.

ATKV-takke is 'n inklusiewe kultuurtuiste op grondvlak, wat 'n diverse verskeidenheid projekte aanbied om die Afrikaanse taal en kultuur op 'n kreatiewe en skeppende wyse te bevorder.







Die ATKV se amptelike mondstuk word jaar ná jaar bekroon – in 2024 is *Taalgenoot* tydens die Suid-Afrikaanse Publikasieforum-toekennings 'n finalis in die kategorie: korporatiewe publikasie van die jaar. Die beoordelaars bekroon die tydskrif ook as die wenner in die kategorie: beste opskrifte, noem *Taalgenoot* 'n waardige deelnemer in die beste-voorblad-kategorie en ken ook 'n sertifkaat van uitnemendheid toe vir die tydskrif se ontwerp en fotografie.

Die voorblad van *Taalgenoot* se 2024-winteruitgawe is ook verlede jaar as finalis aangewys tydens die jaarlikse Pendoring-toekennings.

ATKV-lede ontvang hierdie tydskrif gratis. ATKV-lede kan op die iMIS-platform aandui as hulle die gedrukte weergawe van *Taalgenoot* wil ontvang.

Lees die tydskrif nou aanlyn of laai die PDF-weergawe af.

Besoek ook TG se Facebook-blad of Instagram-profiel.






# ATKV-OORDE

Geleë in sommige van die mooiste dele van ons land, en omring deur kulturele juwele, erfenisterreine en ander opwindende toeristeattraksies, sal jy sewe oorde vind waar gaste met ongeëwenaarde gasvryheid verwelkom word.

## SÓ MAAK JY 'N OORDBESPREKING

Elke oord se tariewe is eiesoortig en word na gelang van die seisoene, asook die soort verblyf en gradering, aangepas. Die nuutste pryslyste is op aanvraag beskikbaar en verskyn op elke oord se webblad. Slegs een eenheid per lid per bespreking is teen die lidtarief beskikbaar. ATKV-lede geniet ook die voorreg om as dagbesoekers by die oorde te gaan ontspan. Die dagbesoekerstariewe van elke oord is op aanvraag beskikbaar.

Jy kan jou oordbespreking op die iMIS-platform doen of 011 919 9000 Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 17:00 skakel.

Klik op een van onderstaande skakels om jou gunstelingoord te besigtig.





















# ATKV-SELFOONNETWERK



## DIE ATKV SE EIE SELFOONNETWERK IS 'N SPLINTERNUWE EN UITERS BEKOSTIGBARE DIENS WAARBY JY BAAT SAL VIND.

Nou kan jy onder meer jou data en lugtyd op een plek bestuur; data en lugtyd na geliefdes stuur; en jy het eksklusiewe toegang tot die beste databondels. Die ATKV-selfoonnetwerk se grootste vennote is MTN en megsApp.

Die diens beloof aansienlik laer tariewe, en sekere pakkette se data is oordraagbaar. Gebruikers se bestaande selfoonnommer kan oorgedra word.

- Bestuur jou data en lugtyd op een plek.
- Stuur gerieflik data en lugtyd na geliefdes.
- Verkry toegang tot die beste vervallende en nie-vervallende databondels.
- Ons digitale beursie maak inkopies, die betaling van DStv-rekeninge en spoedkaartjies maklik, saam met 'n magdom ander byvoordele.

## BLY VERBIND MET DIE ATKV-SELFOONNETWERK!

Om meer uit te vind, stuur 'n e-pos na vennotenavrae@atkv.org.za.

Deel gerus die opwindende nuus oor ons nuwe, eg Afrikaanse selfoonnetwerk.

# KONTAKBESONDERHEDE

ATKV-hoofkantoor in Randburg
Telefoonnommer: 011 919 9000
Sentrale besprekings: 011 919 9092
WhatsApp-nommer: 082 654 7577
Webwerf: www.atkv.org.za
Oorde: www.atkvoorde.co.za
E-posadres: ledesake@atkv.org.za

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV en ATKV-Oorde se webwerwe en/of sosialemediaplatforms.

ATKV:

ATKV-OORDE: